**HOOFARTIKEL**

# GEÏNSPIREERDE ONDERRIG

In hierdie uitgawe verskyn twee artikels wat op empiriese vraelysondersoeke gebaseer is. Die een handel oor onderwysers van al die betrokke onderwysowerhede se siening van hulle werk en hulle vak. Die ander handel net oor leerlinge in skole van die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) se siening van die vak Geskiedenis. Albei verteenwoordig 'n bron van inligting oor heelwat sake. Een interessante aspek wat uitgewys moet word, is die feit dat sowel die onderwysers as die leerlinge oordeel dat die meerderheid leerlinge Geskiedenis neem omdat hulle daarin belangstel. In beide gevalle is die persentasie ongeveer 65%. Die tweede ondersoek dui ook daarop dat 'n beduidende getal leerlinge in standerd 8 met Geskiedenis voortgegaan het omdat die onderwyser in sts 6 en 7 hulle belangstelling vir die vak geprikkel het. Ongelukkig dui soveel as 44,5% van die matriekleerlinge wat Geskiedenis as vak geneem het, aan dat hulle nie weer die vak sou neem as hulle hulle vakkeuse vir die senior sekondêre fase kon oordoen nie.

Die twee vernaamste besware wat aangebied word, is die hoeveelheid werk en die feit dat die vak oninteressant of irrelevant is. Oor werk sal mense altyd kla, sodat die relatiewe aard daarvan dit moeilik maak om te bepaal wat eg is en wat net onwilligheid is. Dat die saak wel aandag verdien, is nie te betwyfel nie. Die kritiek dat die vak oninteressant of irrelevant is, verdien besondere aandag. Dit is opvallend dat swak of verbeeldinglose onderrig nie as ernstige belemmerende faktor vermeld word nie. Dit is 'n goeie getuigskrif vir Geskiedenisonderwysers.

As in aanmerking geneem word dat die matrieksillabus eietydse Suid-Afrikaanse en wêreldgeskiedenis behandel wat 'n belangrike element van aktualiteit en relevansie bevat, ontstaan die vraag waarom leerlinge wat in standerd 8 die vak as waardevol en relevant beoordeel het, dit in standerd 10 veel minder só sal ag. Skort daar iets aan die sillabusinhoud of word die onderrig nie boeiend en dinamies aangebied nie?

Die sillabus het gebreke en die volmaakte sillabus wat in alle behoeftes en belangstellings kan voorsien, sal seker nooit bereik word nie. Maar die beste sillabus sal onder ongeinspireerde onderrig ly.

Daar word in ander artikels geskryf oor die internasionale debat oor die onderrig van Geskiedenis en oor die vernuwing van onderrig deur middel van die vaardigheidsbenadering. Dit is verdienstelike sake wat op hulle plek en tyd aandag verdien. Maar al hierdie dinge beteken in die hande van 'n onderwyser sonder entoesiasme nie veel nie.

Daar is geen plaasvervanger vir die begeesterde onderwyser nie. 'n Onderwyser wat entoesiasme vir sy vak en 'n deernis vir die kind het, sal selfs van 'n onbevredigende sillabus en met beperkte hulpmiddels 'n sukses van sy onderrig maak. Sy vermoë om leerlinge te boei, om tot hulle leefwêreld van vrese, verwagtinge, hoop en moontlikhede deur te dring, sal hom bo beperkende omstandighede laat uitstyg.

Onderwysers moet waak daarteen dat hulle nie in 'n negativisme verval nie. 'n Positiewe, entoesiastiese en probleemoplossende benadering trek leerlinge aan. 'n Jan Salie-gees, selfbejammering en selfgeringskatting word deur leerlinge waargeneem en werk ook by hulle 'n negatiewe gesindheid in die hand. 'n Positiewe gesindheid is een wat glo in sy saak en wat die werk wat hy doen hoog ag. Dit is 'n gesindheid wat spreek uit die gedagte: as ek weet die wêreld vergaan môre, plant ek vandag nog 'n boom. Dit is die onblusbare en onoorwinlike gees wat hom nie deur probleme, beperkinge, tekortkominge en teleurstellings laat oorwin nie.

Dit is die skeppende en inspirerende geeste wat die onderwys tot 'n roeping verhef en die onderrig van 'n vormingsvak soos Geskiedenis tot 'n lewensmissie.

Dit is sulke onderwysers wat 'n onmisbare bydrae kan en moet lewer tot die debat oor die onderrig van Geskiedenis. Dit is hulle wat sal verseker dat die debat verhef word tot ver bokant die peil van ideologiese mobilisering en politieke stoeigevegte. Hulle stem moet gehoor word. Net deur betrokke te raak kan hulle hierdie opheffingsrol vervul.